

24 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47

Fokusgedeelte: Handeling 2:42

Die kerk se lewe na binne

Die Woord van God het by monde van die apostel Petrus in die skare se harte ingesny. Deur die Gees van God het hulle die volle implikasies van die boodskap besef. In die lig van Jesus Christus se Koningskap kan hulle nie dieselfde bly nie en moet nie net hulle denke nie, maar ook hulle lewens radikaal verander. Hulle moet hulle ou sondaarlewe afsterf en 'n nuwe lewe begin. Deur die teken van die doop sal God vir hulle die versekering gee dat Hy dit ook deur sy Gees in hulle lewens bewerk. Met volgehoue aansporing het Petrus die mense bemoedig om hulle af te skei van diegene wat Jesus Christus steeds verwerp.

Só kom die eerste Christengemeente met 3 000 bekeerlinge in Jerusalem tot stand. Hulle het in vier dinge volhard:

1. Om elke dag in getrouheid by die tempel te vergader en meer van God te leer deur die prediking en onderrig van die apostels.
2. Om werklik in lewensgemeenskap met mekaar te lewe en vrywillig alles met mekaar te deel. Hulle het gereeld saam geëet en het tydens hierdie geleenthede ook die nagmaal gevier.
3. Hulle het voortdurend in gebedsgemeenskap met God gelewe.
4. 'n Baie besondere getuienis het van die gemeente uitgegaan, sodat die hele volk hulle gerespekteer het en hulle getalle op 'n daaglikse basis vermeerder het.

Het ons volledig gebreek met die wêreld? Is ons in ons gemeentelike lewe 'n "alternatiewe" gemeenskap wat volhard om die regte dinge te doen? Word ons so gerespekteer dat mense deur ons lewensgetuienis nadergetrek word?

Sing: Psalm 133:1, 2

Dr. IW (Naas) Ferreira (Rietvallei)